

Lekkerbekkie Nuusbrief

17 SEPTEMBER 2014 | UITGAWE 73



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Andries en die apie
- * Produk van die week
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Andries en die apie deur Anna Emm

Andries se mamma en pappa het gaan lê vir 'n middagslapie. Andries speel soet in sy kamer met sy blokkies. Hy is nie lus vir slaap nie! Skielik is daar 'n klop aan die deur. Andries staan op, en gaan maak die deur op 'n skrefie oop. Eers sien hy niks, maar dan sien hy 'n klein apie op die stoep sit!

“Waar kom jy vandaan?” vra Andries verbaas, want die apie lyk nie soos die apies wat hy in die dieretuin gesien het nie – die knapie het 'n hoedjie op sy kop! Die apie antwoord nie, maar wip skielik deur die skrefie van die voordeur verby Andries, tot binne in die huis!

“Haai!” roep Andries saggies. “Jy mag nie inkom nie! My mamma en pappa slaap en hulle het gesê ek mag niemand by die huis laat inkom nie.” Maar die apie luister nie. Hy spring-spring tot op die boekrak, voetel met sy klein vinger tjies aan die boeke, en hop dat tot bo-op die sitkamer se lig wat uit die dak hang.

“Kom af daar!” roep Andries saggies. “My mamma gaan baie vies wees, hoor jy!” Die boeke in die boekrak sit nou skeef en die sitkamer se lig lyk of dit gaan afbreek van die apie se geswaai! Die apie wip van die lig af, en land saggies op Andries se skouer. Nou krap hy Andries se hare deurmekaar en druk sy klein vinger tjies in Andries se ore. Dit kielie!

“Stop dit!” giggel Andries saggies. “Wat doen jy, jou stoutert? Jy mag nie hier wees nie. As my mamma en pappa wakker word, gaan jy siepsop-braaiboud kry!” Maar die apie lyk skielik hartseer en vryf oor sy magie. Hy lyk honger. Andries stap met die apie kombuis toe, en gooi vir hom 'n bakkie vol graanvlokkies. Hy kyk hoe die apie hande vol daarvan in sy mondjie druk.

“Jy kan 'n klein rukkie saam met my in die kamer kom blokkies bou,” sê Andries. “Maar net 'n klein rukkie, hoor jy? As my mamma en pappa wakker word moet jy weer gaan.” Die apie wip nou op en af van opgewondenheid. In Andries se kamer speel die tweetjies tog te lekker met die blokkies. Die apie help vir Andries met sy klein handjies bou, en hy stamp dit nie een keer die blokkies om nie!

'n Rukkie later klop iemand weer aan die deur. Dis die dogtertjie wat langsaan woon. Toe sy die apie op Andries se skouer sien, roep sy bly uit: “O, dáár is my apie! Ek soek hom oral! Hy is my troeteldiertjie. Ek en my mamma en my pappa het gaan lê vir 'n middagslapie, en toe glip hy weg. Hy hou nie eintlik van middagslapies nie.”

“Ek ook nie,” sê Andries. “As jy wil kan hy elke middag 'n bietjie by my kom speel terwyl julle slaap?”

En raai 'n bietjie? Dit is presies wat hulle gedoen het! Andries en die apie was baie bly dat hulle nie hoef te slaap nie. En Andries se mamma en pappa het nie regtig omgee nie – hulle was maar net te bly dat hulle 'n middagslapie kon vat. Sommer gou was Andries en die apie beste maatjies!

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week


Afrikaanse Bybelstories op CD

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Ons "Bybel Buddies"-reeks bestaan uit 6 CD's met 6x Bybelstories elk, asook 'n A4 aktiwiteitsboek met 'n inkleur-aktiwiteit oor elke storie. Hierdie week kan jy CD 1 en 2 kry vir slegs R120 (gewone prys R90 elk – spaar R60) as jy deur een van ons agente aankoop! Jy kan die CD's ook direk deur die kantoor bestel, maar teen die gewone prys. Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area.

Stories op CD 1: Adam en Eva, Kain en Abel, Noag se ark, Abraham se seun, 'n Vrou vir Isak, Jakob en Esau

Stories op CD 2: Josef se broers, Moses in die mandjie, Die tien plae, Die Israeliete in die woestyn, Die Israeliete in die woestyn (2), Jerigo se mure



**CD 1 + 2
NOU slegs
R120!**

Gewone prys
R90 elk
Geldig tot 22 Sept

annaemm
kinderstories

Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Andries en die apie illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za